

Donderdag 23 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Fokusgedeelte: Openbaring
14:14

Die Here Jesus kom haal ons self by sy wederkoms

En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit wolk en een soos 'n Menseseun wat op die wolk sit, met 'n goue kroon op sy hoof en in sy hand 'n skerp sekel (Op. 14:14, 1953-vertaling).

Ons is tog die uitverkorenes vir wie die Here Jesus Christus gesterf het. Ons wil weet hoe die graanoes met ons gaan gebeur as die Here kom! Johannes het die Seun van die mens op 'n wit wolk sien sit. Die koms van die Here Jesus op die wolke is al vantevore geopenbaar: *Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteeke het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!* (Op. 1:7, 1953-vertaling).

Die Menseseun wat op die wolk sit, is die Here Jesus Christus wat gereed is om te kom oordeel! ... *en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleeed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel* (Op. 1:13, 1953-vertaling). Tog is daar geen sprake van die wreedheid of van die felheid van iemand wat oordeel by Hom te sien nie. Hy het 'n goue kroon op sy hoof. Hy kom as 'n koning wat oorwin het. 'n Oorwinnaar in heerlikheid.

En Christus sit daar met 'n sekel in sy hand. Hy wag dat sy Vader die bevel gee dat die uur gekom het om te begin met die oes ... *soos 'n Menseseun ...* Hierdie beskrywing herinner ons aan die verskriklike menslike lyding wat Hy deurgemaak het om hierdie verlossingsoomblik vir ons moontlik te maak.

Sing: Psalm 48-1:4

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)